

Erfenisstigting-argief

Verw. PV 41

**INVENTARIS VAN DIE
ANNA NEETHLING-POHL
VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Mei 2021

Pretoria

Voorwoord

Anna Servasina Pohl is een van Suid-Afrika se mees gevierde aktrise, voordragkunstenares, en radio-omroeper. Sy was op 24 Desember 1906 op Graaff-Reinet gebore. Nadat Anna haar hoërskoolopleiding op Graaff-Reinet voltooi het, het sy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Vanaf 1930 gee sy vir die volgende twaalf jaar onderwys in Pretoria en Gordonsbaai. In hierdie tydperk is sy ook betrokke by toneelspel. Tussen 1935 tot 1945 vind haar grootste baanbrekerswerk op toneelgebied plaas en help sy mee tot die stigting van die Nasionale Toneelorganisasie in 1947.

In 1945 het mev Neethling-Pohl in Johannesburg by die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) begin werk en was sy vir die volgende 21 jaar aan die organisasie verbonde. Van 1965 tot 1971 was sy medeprofessor in die Speelkuns in die Departement Drama van die Universiteit van Pretoria (UP).

Behalwe vir haar werk by die SAUK en UP bring mev Neethling-Pohl klassieke dramas op die planke en vertolk hoofrolle in talle opvoerings. Sy het op internasionale verhoë ook opgetree waar sy vir haar land 'n kultuur-ambassadrise was. Sy het sewe van Shakespeare se werke in Afrikaans vertaal en van haar eie skryfwerk sluit in "My Liewe Magda, Skewe Potte", en "Vader, Ek Kry Koud". Sy was ook die regisseur van "Afspraak van die Kalahari". Van die talle toekennings wat mev Neethling-Pohl deur die jare ontvang het sluit in 'n erepenning vir Drama van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1948) en 'n D.Phil graad (Honoris Causa) van die Universiteit van Pretoria (1978).

In 1930 het sy met dr J.C. Neethling getrou, maar hulle is weer in 1944 geskei. Hulle het 'n dogter, Linda (Linda Biddell) en kleindogter, Anna Lennox. Anna Neethling-Pohl is op 14 Augustus 1992 in Bloemfontein op die ouderdom van 85 oorlede.

Die argiefversameling is deur mev Neethling-Pohl se kleindogter, Anna Lennox, aan die Erfenisstigting geskenk. Dit is in 'n goeie kondisie en sluit besondere korrespondensie, veral met haar dogter, Linda, in. Die versameling bevat ook toneelstukke en programme van die produksies waarin sy opgetree het in. Daar is persoonlike dagboeke en besondere foto's in die versameling te sien. Die hele versameling bestaan uit 7 volumes.

Inhoudsopgawe

Bl.

1. <u>Korrespondensie</u>	
1.1 Briewe	1
1.2 Kaartjies / Poskaarte / Telegramme	1
2. <u>Persoonlike inligting</u>	
2.1 Allerlei	1
2.2 Afsterwe	1
3. <u>Radio-opnames / Skryfwerk</u>	1
4. <u>Toeneelstukke</u>	1
5. <u>Programme</u>	2
6. <u>Reise</u>	2
7. <u>Dagboeke</u>	2
8. <u>Allerlei</u>	2
9. <u>Publikasies</u>	
9.1 Deur Anna Neethling-Pohl	2
9.2 Oor Anna Neethling-Pohl	2
9.3 Algemeen	2
10. <u>Foto's</u>	2